UIT 'N ANDER HOEK

Oud en jonk is broodnodig in Japan se kerke

deur Stéphan Van der Watt (Missie Japan-sendeling)

Japan is 'n snel-veranderende land. 'n Veerkragtige nasie met uitstaande ambisie én vermoëns, 'n eeue-oue beskawing, in pas met die nuutste tegnologie. Maar, alhoewel Japan die derde sterkste ekonomie in die wêreld het, bly dit 'n brose supermag. Natuurrampe het die afgelope jare reuse verwoesting gesaai en diep ontwrigtings veroorsaak. Ons beleef dit nou weer hierdie maand met die groot vloede in Wes-Japan …

Verder het Japan ook 'n supersnel-verouderende bevolking. Meer as 'n derde daarvan is ouer as 60 jaar. Lae geboortesyfers, hoë aborsiesyfers én die feit dat bykans 80% van die 127 miljoen inwoners in stede woon, dra alles by tot dié uitdagende realiteit. Voeg daarby die stres van 'n gemiddelde bevolkingsdigtheid wat nege keer hoër is as in Suid-Afrika, en mens begin verstaan waarom ekonome en politici hewig kopkrap oor Japan se ekonomiese vooruitsigte. Die probleem van gapings tussen sosiale groepe wat al groter word, maak die probleme nog meer akuut.

Dié kopseer tref egter nie net die sosio-ekonomiese aspekte van Japan nie, maar ook die kerk, swaar. Die gemiddelde ouderdom van lidmate is hoog. Jonger generasies se betrokkenheid word bemoeilik deur oorvol programme en min ruimte en genade vir dié wat nie goed genoeg presteer nie. Tyd vir rus en ontspan is skaars en selfdood syfers baie hoog, verál ook onder jongmense. Dit ontbloot die donker kant van Japan. Christene word op allerlei fronte uitgedaag as gevolg van dié realiteite wat die kerk lamlê. In kort: daar is bitter min ruimte, tyd en kapasiteit om die kerk se rol meer sigbaar en voelbaar te maak in 'n samelewing, met 'n 1% Christen bevolking.

MAAR, moenie die baba – of eerder die ouma en oupa – met die badwater uitgooi nie! Ouer mense het baie om te bied en kerke moet opnuut leer om hulle potensiaal te ontsluit en te laat blom. Ek was die afgelope paar maande met 'n hele paar "bejaardes" in kontak wat een ding duidelik laat bly het: dié koeël is nóg nie deur die kerk in Japan nie!

Een só 'n persoon is me. Imanishi van Marugame gemeente, met wie ek 'n ruk gelede ná 'n erediens gesels het. Op 81-jarige ouderdom het sy sleg geval, en haar been, hand, skouer, en 7 ribbes gebreek, én haar gesig was stukkend. Sy het vir God geskree: "Vat my eerder, Here!" Maar in haar nood het sy aan haar man gedink. Hy het 'n beroerte gehad, en sy moet hom versorg. "Ek kan nie my man alleen agterlaat nie", het sy gedink. Sy vertel verder hoedat die klein gemeente (ongeveer 10 mense) se ondersteuning haar maande lank (terwyl sy in die hospitaal was) gedra het en hoe sy net eenvoudig geweier het om handdoek in te gooi, al was die herstelpad steil en swaar. "Die Here en my broers en susters sal my mos deurdra," herhaal sy.

'n Ander tannie het nou die dag op 86-jarige ouderdom saam met twee ander vroue 'n koevert, met baie kontant in, in China ingeneem as bydrae vir 'n kinderhuis wat ons kerk (Reformed Church in Japan) daar ondersteun. Haar seun - 'n predikantekollega van my - is enkele weke voor dit gestop deur Chinese polisieoffisiere toe hy dieselfde probeer doen het. Maar sy ma het nie een oomblik geskrik om die uitdaging wat haar seun nie kon voltooi nie, te gaan afhandel nie. Ek sou ek nog baie stories kon deel van leraars wat op 80- of selfs 90-jarige ouderdom nog aktief in die kerklike bediening is in Japan. Sommige van hulle plant selfs nuwe kerke … dié verhale getuig van dapperheid en vasbyt, kom wat wil!

Die skadukant van dié inspirerende verhale is egter: Hierdie generasie ouer mense is aan die uitsterf. Die kerk in Japan se voortbestaan is op die spel. En dáárom is die fokus op jong mense en kinders nou net so ontsettend belangrik vir die kerk van môre in hierdie uitdagende konteks. Bid saam met ons vir Japan se jong Christene. Én vertrou saam dat die Here nog jongmense sal roep en stuur uit Suid-Afrika na Japan… wie weet… dalk nog uit KIX-geledere!

Ontmoeting 20

Spioenwenk: A = F

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind uit hoe 'n das tot mense se redding gekom het.

Geheime kode: Y V N **(DAS)**

Inligting in die koevert: (Julle kan die foto ook op 'n skerm gooi of uitdruk.)

Wes-Japan het weer groot vloede beleef en baie skade is aangerig. Terwyl Oom Stephan saam met 'n ander predikant van Okayama die rampgebied in Japan besoek het, het hulle by 'n vrou gehoor hoe die middernagtelike vloed haar heeltemal onkant gevang het. Sy het gedink sy en haar bejaarde ma is veilig en hoef nie te ontruim nie. Maar die water het aanhou styg en die bure het kom waarsku. Uiteindelik moes sy met groot moeite haar ma, hulle hond, en enkele kosbare besittings, tot op die dak van die huis help kry. En dit wat tot haar redding gekom het, glo dit of nie, was 'n das! Met dié het sy hulle een vir een opgetrek… totdat 'n reddingsboot uiteindelik lánk daarna by hulle (op dakvlak) kon uitkom. Die foto wys hoe haar hele huis verwoes is."

Bid vir Japan: Ons bid vir almal wat steeds help met die opruiming en herstel van huise en geboue in die onderskeie rampgebiede.

Ontmoeting 21

Spioenwenk: S = E

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Leer 'n liedjie.

Geheime kode: Z W S R X W S **(LIEDJIE)**

Inligting in die koevert: Dis tyd om 'n Japannese liedjie te leer. ('n MP3 van die liedjie is op die webtuiste beskikbaar.)

Saa sanbi shiyoo sukuinushi yesu ni (x2)
Hozanna tatae yo oh sanbi shiyo sukui no iwa
Hozanna tatae yo oh sanbi shiyo sukui no iwa ni
Saa sanbi shiyoo sukuinushi yesu ni (x2)
(Vry vertaal: Kom ons prys Jesus, ons Verlosser. Hosanna! Loof Hom, prys Hom, die Rots van ons verlossing.)

Ontmoeting 22

Spioenwenk: B = Y

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Vind uit wat die van der Watt gesin die afgelope paar maande gedoen het.

Geheime kode: Y L G H R **(VIDEO)**

Inligting in die koevert: Kyk na die "summer snippets video clip" (op ons webtuiste).

Bid vir Japan: Bid vir die Van der Watt-gesin en dank die Here dat Hy hulle as gesin gebruik in Japan onder die Japannese mense en maats.

Ontmoeting 23

Spioenwenk: E = K

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Wat is die verskil in bevolkingsdigtheid (die hoeveelheid mense in 'n land/area) tussen Japan en Suid-Afrika?

Geheime kode: H Y A Y **(NEGE)**

Inligting in die koevert: Japan se gemiddelde bevolkingsdigtheid is nege keer hoër as Suid-Afrika s'n. Uit daardie groot bevolking is maar net omtrent 1% Christene.

Bid vir Japan: Bid vir al ons Japannese Christen-maats en vra dat die Here mense sal roep om vir meer Japannese maats van Hom te vertel sodat hulle gered sal word.

Ontmoeting 24

Spioenwenk: L = Y

Spioentyd: Wat is ons taak vir vandag? Luister wat het gebeur.

Geheime kode: O R X R E V A T **(BEKERING)**

Inligting in die koevert: Twee jaar gelede was Oom Stephan en studente van die Kobe kweekskool betrokke by die ondersteuning van mense wie se lewens ontwrig is deur 'n groot aardbewing by Kumamoto (Suid-Wes Japan). Een van die mense wat hy daar ontmoet het, was Hiromi (skuilnaam), 'n ma van drie kleuters. Sy het die afgelope tyd tot bekering gekom (haar lewe vir die Here gegee). Dit is 'n groot vreugde en seën!

Bid vir Hiromi: Bid vir Hiromi se nuwe lewe as Christen en haar getuienis teenoor haar gesin en haar drie kinders.